# Hillcrest High School

Graad 9

# AFRIKAANS EAT V1

JUNIE 2025

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

**Hierdie vraestel bestaal uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(40)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(20)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## Elon Musk: Die Entrepreneur

1. Elon Musk was op 28 Junie 1971 in Pretoria, Suid-Afrika, gebore. Nadat hy hoërskool by Pretoria Seuns Hoër voltooi het, het hy oorsee in Kanada en die VSA gaan studeer. Hy het wetenskap en ekonomie studeer. Hy was al van 'n jong ouderdom af 'n groot sakeman. Toe hy 28 jaar oud was, het hy sy eerste suksesvolle onderneming, Zip2 ('n web sagtewarebedryf), reeds vir miljoene dollars verkoop! Hy het voortgegaan om X.com en PayPal (aanlyn finansiële dienste) te begin verkoop, wat beide vir biljoene dollars verkoop het.



2. Sy volgende twee groot ondernemings was SpaceX en Tesla. Elon wou bewys dat elektriese motors en hernubare energie vir huise selfs beter is as tradisionele enjins en kragbronne. Die span by Tesla het presies dit gedoen. Hulle het 'n sonkragdak ontwikkel wat die hele huis van krag kan voorsien, sowel as van die beste elektriese motors ter wêreld, wat nie net omgewing-vriendelik is nie, maar wat ook ongelooflike tegnologie bevat wat die veiligheid verbeter. Tesla se Model S-motor bevat 'n outomatiese beheerfunksie wat toelaat dat die motor homself kan bestuur, versnel en rem. Dit volg padmerke versigtig en gebruik sy radar wat vorentoe wys om 'n veilige afstand tussen homself en ander motors op die pad te verseker. Die Model S monitor ook verkeer met behulp van sy ultrasoniese sensors, sodat dit slegs bane verander as dit veilig is.



3. SpaceX was ook deur Elon Musk in 2002 gestig. Hy wou die koste van ruimtevervoer verlaag, sodat mense eendag na Mars toe kan reis en daar bly. SpaceX het gevorderde vuurpyle en ruimtetuie vervaardig. Hulle het satelliete in die ruimte geplaas en ook voorraad na die Internasionale Ruimtestasie gestuur.
4. Op 30 Mei 2020 het NASA en SpaceX twee ruimtevaarders, Robert Behnken en Doug Hurley, in die Dragon Crew Kapsule wat aan die Falcon 9-vuurpyl geheg was, deur SpaceX gelanseer. Dit was die eerste keer dat Amerikaanse ruimtevaarders sedert 2011 vanuit die VSA na die ruimte gelanseer is en die eerste keer dat 'n privaat onderneming mense met hul eie vuurpyl die ruimte in stuur. Die twee ruimtevaarders het aan die Internasionale Ruimtestasie vasgeheg, waar hulle 110 dae sal bly om 'n

reeks wetenskaplike eksperimente te voltooi, voordat hulle in hul Dragon-kapsule na die Aarde sal terugkeer.

5. SpaceX het ook die Falcon Heavy Pendeltuig ontwerp en bekendgestel. Dit is die kragtigste pendeltuig ter wêreld en dele daarvan is herbruikbaar! Hierdie herbruikbare tegnologie is 'n groot deel van SpaceX se missie om by Mars uit te kom. Ruimtevaart is baie duur, so herbruikbare masjinerie is voordelig.



**VRAAG 1:**

1.1 In watter stad is Elon Musk gebore? (1)

1.2 Wat het hy studeer? (Noem twee dinge) (2)

1.3 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal een SIN uit paragraaf 2 aan om dit te bewys.

Elon dink tradisionele kragbronne is die beste. (1)

1.4 Tesla het die Model S-motor ontwikkel. Noem EEN ander produk wat Tesla ontwikkel het. (1)

1.5 Wat maak die Model S-motor so spesiaal? (1)

1.6 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die vraag nommer en jou antwoord neer.
Die Model S-motor gebruik __1.6.1__ om 'n veilige afstand van ander motors af te hou.
SpaceX het __1.6.2__ en __1.6.3__ gemaak. (3)

1.7 Waarom het Elon SpaceX gestig? Haal een SIN uit paragraaf 3 aan as antwoord. (1)

1.8 Waarom was die Falcon 9-vuurpyl lansering (launch) spesiaal? Noem 2 redes. (2)

1.9 Rangskik die volgende gebeure in die regte volgorde:

> Satelliete word in die ruimte geplaas.
> Elon stig Tesla.
> Elon verkoop sy eerste suksesvolle onderneming.
> Twee ruimtevaarders word in die Dragon Crew Kapsule gelanseer. (4)

1.10 Hoe lank was Doug aan die Internationale Ruimtestasie vasgeheg? (1)

1.11 Pas die stelling in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer. Bv. 1.11.2 E

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Falcon Heavy Pendeltuig | A – 'n finasiële diens |
| 1.11.2 Robert Behnken | B – gaan volgens padmerke |
| 1.11.3 X.com | C – iemand wat na die ruimte toe gaan |
| | D – het herbruikbare dele |

(3)

1.12 Waarom is herbruikbare tegnologie voordelig vir ruimtevaart? Haal een SINSNEDE uit paragraaf 5 aan as antwoord. (1)

1.13 Kies die regte woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Elon Musk is 'n baie (suksevolle/onsuksesvolle) besigheidsman. (1)

1.14 Sal jy op Mars wil bly? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.15 Sal jy 'n Tesla motor ry wat homselfs bestuur? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.16 Dink jy dit is reg dat soveel geld op ruimtevaart spandeer (spend) word? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[25]



**VRAAG 2**

Bestudeer die visuele teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




2.1 Watter produk word hier geadverteer? (1)

2.2 Wat is die produk se slagspreuk? (1)

2.3 In watter geure is die produk beskikbaar? (3)

2.4 Watter geur sou jy koop? Hoekom? (2)

2.5 Noem TWEE positiewe feite oor die produk. (2)

2.6 Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Om hierdie produk te maak, het jy Sokker O's, 'n __2.6.1__ en melk nodig. (1)

2.7 Lees die volgende sin en haal 'n SELFSTANDIGE VOORNAAMWOORD daaruit aan. Skryf slegs die vraag nommer en die antwoord neer.

Die beste pap in Suid-Afrika. (1)

2.8 Gee die korrekte VERKLEINWOORD vir die woord in hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die meisie in die advertensie waai met haar klein (hand). (1)

2.9 Noem een manier hoe hierdie advertensie jou aandag trek. (1)

2.10 Met die woorde "beste" en "lekker" probeer hulle jou oortuig om...

A jou ma te bel
B dit te koop
C dit te verkoop
D dit nie te eet nie (1)

2.11 Watter belangrike inligting kon hulle by die advertensie ingesluit het, om die advertensie meer effektief te maak? (1)

[15]

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES:**

1. Som in SEWE volsinne op oor **Hoe om 'n Olimpiese Speler te Word**.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1-7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**



**HOE OM 'N OLIMPIESE SPELER TE WORD.**

1. Woon nasionale kampioenskappe by soos ASA Senior Kampioenskappe en die Afrika o.20-kampioenskappe. Dit is daar waar jy dalk vir die Olimpiese Spele raakgesien kan word en dalk die volgende paar jaar van jou lewe verseker.

2. Vind 'n land om te verteenwoordig. Jy kan net 'n land verteenwoordig wat jou as 'n burger aanvaar.

3. Kwalifiseer vir en oorheers die Olimpiese proewe. Alhoewel nie alle sportsoorte dieselfde is nie, moet jy dalk aan die Olimpiese kwalifiserende proewe deelneem. Daar moet jy in die top wees van diegene wat deelneem - nie net goed doen nie.

4. Raak gewoond aan reis. Tussen kompetisies, kampe en besoeke aan verskillende opleidingsentrums, reis jy moontlik heeltyd. Dit kos nie net 'n mooi sent nie, maar dit kan ook op sigself nogal uitputtend wees.

5. Oorweeg dit om na 'n Olimpiese opleidingsentrum te trek. Baie lande het toegewyde fasiliteite vir die opleiding van Olimpiese atlete. Dit bied toegang tot topvlak-afrigters en toerusting, en stel jou bekend aan die internasionale gemeenskap in jou sport.

6. Dit is ongelooflik belangrik om genoeg rus in te kry. Jy wil nie jouself seermaak, uitbrand of andersins jou kanse waag nie. So geniet die ruskans.

7. Visualiseer elke stap van jou sukses. Dit kan ongelooflik kalmerend wees om dit alles in jou kop af te speel voordat jy begin.



**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**



Bestudeer die prentjie hierbo en beantwoord dan die taalvrae wat volg.

Skryf by elke vraag net die nommer en die antwoord neer.

**VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE**

4.1 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

4.1.1 'n Rit op 'n vuurpyl is (baie duur). (1)

4.1.2 As hase regtig in 'n vuurpyl gery het, sou hulle (baie beroemd) wees. (1)

4.2 Voltooi die volgende VERGELYKING.

4.2.1 Die groot perske is so hard soos 'n ______. (1)

4.3 Skryf die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

4.3.1. Die hase wil vlieg (in plaas van) loop. (1)

4.4 Gee die korrekte VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

4.4.1. Om fiets te ry is (maklik) as om 'n vuurpyl te vlieg. (1)

4.5 Voltooi die volgende sin deur die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in te vul.

4.5.1 Jy moet _____ helm dra as jy gaan vlieg. (1)

**VRAAG 5: SINSTRUKTURE**

5.1 Skryf die sinne in die korrekte WOORDORDE.

5.1.1 Die hasies, vrugte, elke dag, op die gras, eet (1)

5.1.2 Die voël, gevlieg, lekker, om die vuurpyl, het, gister (1)

5.2 Skryf die sinne in die VERLEDE TYD.

5.2.1 Fiela gooi die vrugte op die grond. (1)

5.2.2 Fiela en Hansie is baie gelukkig in die vuurpyl. (1)

5.3 Skryf die sinne in die TOEKOMENDE TYD.

5.3.1 Hansie vlieg na Mars toe. (1)

5.3.2 Die vrugte is altyd vars. (1)

5.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakkies.

5.4.1 Die hasie vang die vrugte. Hy eet dit op. (daarna) (1)

5.4.2 Hansie hou van vlieg. Hy dra altyd sy helm op sy kop. (maar) (1)

5.5 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

5.5.1 Hase is baie goeie ruimtevaarders. (1)

5.5.2 Fiela sal nog Mars toe vlieg. (1)

5.6 Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

5.6.1 Die vuurpyl het die rook gemaak. (1)


5.6.2 Fiela druk die rooi knoppie. (1)

5.7 Skryf die sinne oor in die INDIREKTE REDE

5.7.1 Hansie vra: "Vang die hase die vrugte?" (1)

5.7.2 Fiela sê: "Ek is baie opgewonde oor hierdie vlug." (1)

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOT TOTAAL: 70**


CreativeKidsColor.com